JAMES ALEXANDER DE JAGER en JACOMINA MARGARETHA PIETERSE

Ouma Minnie

Oupa Jimmy en ouma Minnie se kinders
Alex, Jeanette, Johan, Rita, Leonore en Pieter

MILITÊRE DIENSREKORD, 1914-1918: JAMES ALEXANDER DE JAGER,*31.03.1892

1914-1915 South African Star
Duits-Suidwes veldtog

British War Medal
Oos-Afrika

British Victory Medal
Oos Afrika

Duits Suidwes-Afrika veldtog. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 werk die 22-jarige James Alexander de Jager as artikelklerk in die Noord-Kaap dorpie, Kuruman. Volgens die kommandostelsel is hy deel van die plaaslike Van Zyl's Kommando (die naam verander in Januarie 1915 na Kalahari Horse). Toe Genl. Kemp en sy 700 Rebelle in November 1914 by Kuruman verby is op pad na Suidwes-Afrika, was Van Zyl's berede kommando by verskeie klein skermutselinge met die Rebelle betrokke (onder andere by Witsand). Kalahari Horse word in Januarie 1915 amptelik opgeroep om teen die Duitsers in Suidwes-Afrika te veg. James de Jager word bevorder na Regiment Sersant majoor op 28.10.1914. Kalahari Horse is deel van die Oostelike Magte onder leiding van Kolonel C.A.L. Berrange. Hulle beweeg van Kuruman na die Rietfontein grenspos en veg in verskeie klein veldslae teen die Duitsers. RSM James Alexander de Jager kry die medalje "*1914-1915 South African Star*" (links bo) vir deelname aan die Duits Suidwes veldtog.

Oos-Afrika veldtog. Vier maande na die Suidwes-Afrika veldtog, op 18 Desember 1915, sluit James de Jager as vrywilliger aan om verder deel te neem aan die Eerste Wêreldoorlog in Oos-Afrika. Sy kommando, Kalahari Horse, is deel van die 2e Suid-Afrikaanse Berede Regiment Regiment wat onder die 1e Berede Brigade van Genl. Jaap van Deventer val. Hulle kom einde Desember 1915 in Mombasa aan met die eerste opdrag om by Kondoa Irangi die sentrale spoorlyn van die Duitsers oor te neem. Op 18 April het Genl. Jaap van Deventer se 2e Divisie die Duitsers na 'n geveg van twee dae uit Kondoa Irangi gedryf. Van Deventer skryf aan Smuts dat hy versterkings nodig het. Die troepe is uitgeput en kry baie swaar in die warm, nat toestande. Die reënseisoen, perdesiekte, dysenterie, tsetse vlieë en malaria vererger die situasie.

James de Jager kry ook malaria in Julie 1916 terwyl die regiment in Kondoa Irangi wag op versterkings. Hy kom op 30.08.1916 met die HMS Elaine in Kaapstad aan en word in nr. 2 Algemene hospitaal opgeneem. Na behandeling word hy vrygestel van verdere aktiewe diens. Sersant-majoor James de Jager verwerf die volgende medaljes vir sy diens in Oos-Afrika: *British War medal* (nr 2252) (bo middel) en die *British Victory Medal* (nr. 1193) (bo regs).